LAERSKOOL VORENTOE PRIMARY SCHOOL

POSBUS 707
LANGSTRAAT
GROOT-BRAKRIVIER
6525

P.O. BOX 707
LONG STREET
GREAT BRAK RIVER
6525

☎ (044) 620 2211 🖷 (044) 620 3426
E-mail: lsvorentoe@gmail.com

H/01/2019 9 Januarie 2019

Geagte Ouers

In antwoord op vele navrae gee ons weer graag vir u die erkende skooldrag asook die selfoonbeleid van ons skool.

DOGTERS:

Hare:
Lang hare moet vasgebind word met rekkies, "crunchies", handdoekstofrekkies, bolletjies en linte wat **groen, swart of wit is**. Groen, swart of wit haarbande word ook toegelaat. Hare moet vas wees sodra dit oor die kraag hang.

Hare mag nie in die oë hang nie, maar moet met haarknippe weggesteek word. Haarknippe kan groen, wit of silwer wees. Geen motiewe asseblief.

Hare mag nie gekleur word nie.

Juweliersware:
Geen ringe aan vingers.
Ore: Slegs "studs"of klein oorringe in goud of silwer.
Geen armbande.

Kleredrag:
Somer: Wit skoolhemp met wapen. Geruite skoolbroekromp met kort wit sokkies en swart skoolskoene. (Gr.1 - 6 kan ook kaalvoet loop).
Winter: Wit kort of langmouhemp met wapen. Geruite broekrompie met swart "tights" of lang grys kouse of 'n lang grys broek met grys kouse en swart skoolskoene. Bottel groen moulose truitjie of langmou trui. Reënbaadjie.

SEUNS:

Hare:
Hare moet netjies gesny wees en nie oor die ore of kraag hang nie.
Die kuif mag nie in die oë hang nie. Hare mag nie gekleur word nie.

Juweliersware:
Niks om die nek, arms of in die ore nie asseblief.
Geen armbande.

Kleredrag:
Somer: Wit skoolhemp met wapen met grys kortbroek. Grys lang kouse en swart skoolskoene. (Gr.1 – 6 kan kaalvoet ook loop).
Winter: Wit kort of langmouhemp met skoolwapen. Grys langbroek (verpligtend vir graad 7, Gr 1-6 mag kortbroek dra) met grys lang kouse en swart skoolskoene. Bottel groen moulose truitjie of langmou trui. Reënbaadjie.

SPORT:

Tennis
Rompe / groen broekies.
Skoolsporthempie.
Wit tennissokkies met oorwegend wit tekkies. (Nie swart sole)

Netbal
Skool romp.
Skoolsporthempie / Netbalhempie
Wit sokkies met wit tekkies.

Krieket
Skoolsporthempie.
Groen broekie.
Wit tekkies met wit sokkies..

Rugby
Truie word deur die skool voorsien.
Groen rugbybroekie.

Muurbal
Skoolsporthempie.
Groen broekie.
Wit sokkies en oorwegend wit seilskoene. (Nie swart sole).

Atletiek
Atletiekfrokkie met groen broekie. Frokkie word by skool gehuur.

Liggaamlike Opvoeding
Wit T-hemp met groen broekie.

S.W.D. – Maandae mag leerlinge wat provinsiale kleure verwerf het dit skool toe dra, mits dit die amptelike klere is en nie bv. Geborgde klere nie.

Selfoonbeleid

1. Selfone mag skool toe gebring word vir noodgevalle.
2. Selfone moet in die oggend by die sekretaresse ingehandig word. Selfone moet afgeskakel wees.
3. Ouers mag slegs geskakel word met onderwyser se toestemming en slegs in noodgevalle.
4. Leerders wie selfone misbruik, se selfone sal summier afgeneem word en in die kantoor toegesluit word tot aan die einde van die kwartaal wanneer sodanige selfoon dan aan die ouer van die leerder teruggegee sal word.
5. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone wat gesteel of beskadig word nie.

* * * * * * * * * * * * * * * * *

.....
S.W. Theron
Skoolhoof